**Beste studente en voornemende studente**

Ek is verheug om julle op die kampus terug te verwelkom en ons voornemende studente met hulle aanvaarding geluk te wens. Ek wens julle almal ŉ vrugbare en produktiewe akademiese jaar toe.

Ons administratiewe en akademiese personeel het die afgelope paar weke hard gewerk om seker te maak ons studente is geregistreer en is gereed vir klas. Ons is bly om te kan sê dat die meeste van ons studente suksesvol geregistreer is.

**NARGA-registrasie (ondersteunde registrasie op die kampus)**
Ons het ŉ reuse-toevloei van navrae en versoeke en ŉ hoë volume van e-posse in die aanloop tot die begin van die akademiese jaar ervaar. Ons doelwit gedurende die eerste paar weke was om ons nuwe eerstejaarstudente toe te laat en te registreer om seker te maak hulle kon die verwelkomingsprogram bywoon en hulleself op die kampus tuismaak.

Ons wil graag ons senior en terugkerende studente vir hulle geduld gedurende hierdie besige registrasietydperk bedank. Studente wat nie aanlyn kon registreer nie, moet die registrasie-opsie op die kampus gebruik, wat van 6-10 Februarie 2023 in die rekenaargebruikarea NARGA beskikbaar sal wees. Raadpleeg asseblief die Registrasieskedule vir meer besonderhede.

**Tygerberg-kampus**
Studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) wat op die Tygerberg-kampus of op die Stellenbosch-kampus gesetel is, moet die registrasieskedule op die kampus volg soos in die onderstaande kennisgewings gekommunikeer word (die relevante steunomgewings se kontakbesonderhede word ook in hierdie kennisgewings verskaf):

- Nuwe Voorgraadse Studente
- Terugkerende Studente

Die Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerberg-kampus) sal opvolgwerk doen oor alle akademies geskikte FGGW-studente wat nie geregistreer is nie. Hierdie studente sal ná 10 Februarie geteikende kommunikasie ontvang om vas te stel wat hulle ondersteuningsbehoeftes is om vanjaar weer te registreer.

***Die Nasionale Finansiële Hulpskema* vir *Studente* (NSFAS)**
Die Universiteit Stellenbosch (US) is bewus van ons studente se finansiële uitdagings, veral weens die perk wat NSFAS op die verblyftoelaag gestel het.

**NSFAS-appèlproses**
Die NSFAS**-appèlproses het laat in** Januarie 2023 begin en sal op Maandag, 20 Februarie 2023 eindig.

Alle NSFAS-**appèlle word direk via die NSFAS-portaal aan NSFAS voorgelê. Die US het geen invloed op of toegang tot die portaal gedurende hierdie proses nie. Studente moet seker maak dat die korrekte inligting betyds op die portaal gelaai is.**

Alle applikante wat 'n aansoekstatus van “onsuksesvol” ontvang het, kan op hul myNSFAS-rekening aanmeld en ŉ **appèlaansoek indien, aangevul deur die vereiste inligting en dokumente.**

Terugkerende studente in hul N+-jare moet ook ʼn brief oplaai wat van die US bekom is en wat die getal modules en krediete aandui wat nog oorbly voordat hulle kan gradueer.

Sodra die **appèlproses afgehandel is, sal per e**-pos gekommunikeer word met studente wat hierdeur geraak word**.**

**Perk op NSFAS-verblyftoelaag**
Prof Stan du Plessis, bedryfshoof van die US, het op 14 Desember 2022 ʼn boodskap uitgestuur oor die perk van R45 000 op die NSFAS-verblyftoelaag in 2023. Die US het appèl aangeteken vir vrystelling van dié perk en wag vir terugvoer hieroor van NSFAS.

NSFAS-gefinansierde studente wat deur die perk op die verblyftoelaag geraak word, word vriendelik gevra om op ons databasis te registreer. Dit sal ons in staat stel om NSFAS volledig oor die impak van hierdie besluit in te lig. Klik HIER om op die databasis te registreer.
Die US het die volgende reëlings getref om studente gedurende die registrasietydperk te ondersteun:

*Registrasietydperk*
Die sperdatum vir registrasie word tot Vrydag, 3 Maart 2023 verleng vir studente wat agterstande met finansiering ondervind. Die gelde vir laat registrasie sal dus tot hierdie datum opgehef word.

*Studenteskuld-werkgroep*
Altesame 314 studente het by die Studenteskuld-werkgroep (SSWG) om hulp aansoek gedoen. Hierdie aansoeke word op ʼn individuele grondslag beoordeel, met insette van die Voorgraadse Beurskantoor, die Nagraadse Kantoor, Studentegelde en die Studenteraad (SR), wat almal in die SSGW verteenwoordig is.

Die beoordeling is op Vrydag, 3 Februarie 2023 afgehandel en die eerste rondte blokkasies sal teen Dinsdag, 7 Februarie opgehef word.

Die sluitingsdatum vir SSWG-aansoeke is Maandag, 20 Februarie 2023. Die SSWG beoog om alle uitstaande gevalle teen Dinsdag, 28 Februarie 2023 af te handel en uitkomste te verskaf.

*Tydelike toegang tot SUNLearn*

Terugkerende senior studente wat vertragings met befondsing ondervind en SSWG-aansoekers met 'n hangende status of wat nog vir oorweging wag, sal met tydelike toegang tot die SUNLearn-platform bygestaan word. Studente wat tydelike SUNLearn-toegang op die Stellenbosch-kampus nodig het, moet hul behoeftes via die SR by **src@sun.ac.za registreer.**

FGGW-studente wat tydelike SUNLearn-toegang nodig het, moet hul onderskeie programkoördineerders regstreeks vir hulp hiermee kontak.

*Alternatiewe befondsingbronne*
Ons moedig studente aan om die volgende befondsingsopsies te oorweeg om tekorte in hul klas- of verblyfgelde te dek:

- Die US het ooreenkomste met Capitec, Nedbank en Standard Bank aangegaan om studielenings met gunstige voorwaardes aan US-studente te verskaf. Kliek HIER vir inligting oor hierdie befondsingsgeleentheid.
- Skarefinansiering via Feenix.org is as ŉ betroubare bron van finansiële hulp vir studente bewys. Klik HIER vir inligting oor hierdie geleentheid.

**Studenteverblyf**
Let asb. op die volgende wat studenteverblyf betref:

ŉ Nuwe waglys is op Woensdag, 1 Februarie op my.sun.ac.za geopen. Alle studente wat nog verblyf nodig het, is welkom om op die waglys te registreer. Sodra kansellasies ontvang word, sal studente op hierdie lys oorweeg word.

**Eerstejaars**: NSFAS-gefinansierde studente geniet prioriteit.
**Seniors**: Prioriteit word verleen aan geskikte studente wat aan die plasingskriteria vir verblyf voldoen.

Die Universiteit se geakkrediteerde private verblyf is soos volg ooreenkomstig NSFAS se verblyftoelaagperk van R45 000 gekategoriseer:

- **Geakkrediteerde verblyf binne die voorgeskrewe perk** sluit verblyf in wat allesinsluitend is (wifi, water en elektrisiteit) en wat binne die R45 000-perk val.
- **Geakkrediteerde verblyf wat die perk oorskry** sluit verblyf in wat die NSFAS-perk van R45 000 oorskry. Studente sal verantwoordelik wees vir enige bedrag wat die NSFAS-perk oorskry.

**Kontakbesonderhede**
Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak as julle hulp nodig het nie:
- Navrae: 021 808 9111 of **info@sun.ac.za**
- Voorgraadse beurse: 021 808 4115/9300 /9386 of **nsfas@sun.ac.za**
- Nagraadse beurse: 021 808 4208 of **postgradfunding@sun.ac.za**
- Tydelike SUNLearn-toegang: **src@sun.ac.za**

Wees verseker dat ons voortdurend met die relevante interne en eksterne belangegroepe skakel om maniere te vind om ons studente met finansiële uitdagings te help. Ons sal julle op die hoogte van bykomende befondsingsgeleenthede hou soos wat dit beskikbaar raak.

Ek wens julle almal ŉ suksesvolle akademiese jaar toe!

Vriendelike groete

**Dr Ronel Retief**